Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Medicine and Health Sciences
EzoNyango nezeeNzululwazi kwezeMpilo
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

# FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

## RIGLYN: DIE BESTUUR VAN GESKIKTHEID OM TE PRAKTISEER IN VOORGRAADSE PROGRAMME

| | |
|---|---|
| Oogmerk | Om die prosedures voor te skryf vir die hantering van uitdagings in die geskiktheid om te praktiseer in voorgraadse programme wat in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch aangebied word |
| Soort dokument | Riglyn |
| Toeganklikheid | Intern en ekstern |
| Implementeringsdatum | 2023 |
| Herevalueringsdatum | 2028 |
| Vorige hersienings | Geen |
| Eienaar van die dokument | Visedekaan: Leer en Onderrig |
| Datum goedgekeur | 8 Mei 2023 |
| Goedgekeur deur | Fakulteitsraad: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |
| Sleutelwoorde | Geskiktheid om te praktiseer |

**Agtergrond**

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe beveel aan dat konsekwente maatreëls op die opleidingsplatform ingestel word wanneer studente gedrag openbaar wat kommer wek oor hulle geskiktheid om te praktiseer. Geskiktheid om te praktiseer verwys na die vaardighede, kennis, karakter en gesondheid wat dit verg om geneeskundige, gesondheids- of verpleegkundige beroepe veilig en doeltreffend te praktiseer (Raad vir Gesondheids- en Versorgingsberoepe, 2023). Maatreëls moet vir elke onderskeie voorgraadse program bepaal word by wyse van 'n ondersoek deur die Komitee vir Geskiktheid om te Praktiseer (KGP). Die KGP bestaan uit die kliniesestudie-leier, die betrokke module- of kliniese koördineerder en die voorgraadseprogramkoördineerder, asook bykomende lede na gelang van die erns van die geval.

Wanneer 'n geval verwys word, bepaal die KGP op watter vlak die saak hanteer sal word aan die hand van die erns van die gedrag. Die KGP bepaal die maatreëls wat ingestel word met inagneming van die student se individuele omstandighede asook die versagtende omstandighede van die geval. Die student moet ondersteun word om eienaarskap te aanvaar vir die probleme wat hulle ondervind, en vir die aktiewe prosesse om die kwelpunte op te klaar.

Die prosedures wat in hierdie riglyndokument beskryf word, is bedoel as korttermyn-intervensie om studente te ondersteun en die veiligheid, menswaardigheid en versorging van persone op die opleidingsplatform te verseker. Hierdie riglyndokument kan gelyklopend met ander riglyne of prosedures gevolg word wat deur die Fakulteit of die Universiteit goedgekeur is.

**1. Die voorgraadseprogramkomitees (VPK's) kan die volgende redes in ag neem in die besluit om 'n student se geskiktheid om te praktiseer te ondersoek:**

1.1 gedrag of optrede wat met aangetaste geestes- of fisieke gesondheid verbind word, onder meer middelmisbruik (bv. interpersoonlike konflik, oortreding van professionele grense en onvoldoende uithouvermoë om vereisde take af te handel);

1.2 **akademiese wangedrag** (bv. plagiaat, kullery);

1.3 **professionele wangedrag** (bv. vertroulikheidsbreuk, diskriminerende gedrag, vals aanmelding van misbruik of mishandeling, en vervalsing van handtekeninge);

1.4 **akademiese onderprestering** wat kliënte en pasiënte in gevaar stel (bv. deur nie die redelike voorsorgmaatreëls te tref nie, onvoldoende kennis te hê van die gesondheidstoestand wat behandel moet word en 'n punt onder 30% te behaal teen die tyd dat die helfte van 'n module, kliniese rotasie of kliniese domein verby is); en

1.5 enige **ander gedrag of voorvalle wat ewe ernstig is** en die aansien van die beroep aantas (bv. inhegtenisneming of skuldigbevinding; bewerings van seksuele wangedrag, rassisme of geslagsgebaseerde geweld; en roekelose of opsetlik skadelike handelings).

**2. Vlak 1 – Die bestuur van aanvanklike, ontwikkelende en geringe kwelpunte**

2.1 Gedrag wat kommer veroorsaak, sluit onder meer die volgende in:

2.1.1 herhaaldelike versuim om skriftelike werk betyds in te lewer;
2.1.2 herhaaldelike versuim om by kliniese tydrooster/beplanning te hou;
2.1.3 herhaaldelike versuim om kliniese rekordhouding in stand te hou;
2.1.4 onprofessionele gedrag wat openbaar word; en
2.1.5 herhaaldelike afwesigheid van kliniese werk, met of sonder stawende dokumentasie, in so 'n mate dat die student gevaar loop om nie die leeruitkomstes van die kliniese blok te bereik nie.

2.2 Die oogmerk van vlak 1-maatreëls is om die student te ondersteun en te ontwikkel eerder as om te bestraf.

2.3 Indien 'n student kommerwekkende gedrag openbaar, geld die volgende prosedures:

2.1.1 Die student word ingelig dat daar moontlik na die geskiktheid-om-te-praktiseer-proses verwys gaan word, en kry geleentheid om die

kommerwekkende gedrag onmiddellik reg te stel. Enige personeellid kan hierdie gesprek met die student voer.

2.1.2 Die hoof van die betrokke afdeling/departement/domein/module, programkoördineerder en persoon wat die kwessie geopper het, beraadslaag om die vlak van kommer (1, 2 of 3) te bepaal en te besin of onttrekking vanaf die platform aangewese is (slegs op vlak 2 en 3).

2.1.3 Enige personeellid kan 'n KGP-vergadering belê. Die voorsitter moet iemand wees wat nie regstreeks by die assessering van die student in daardie kliniese blok betrokke is nie. Die kliniesestudie-leier en/of kliniesewerk-koördineerder en/of voorgraadseprogramkoördineerder kan na die diskresie van die voorsitter by die KGP betrek word.

2.1.4 Die student word per e-pos ingelig dat hulle verplig is om 'n KGP-vergadering by te woon. Die student moet ontvangs van dié e-pos bevestig. Ander kommunikasiemiddele kan bykomend tot e-pos gebruik word om te verseker dat die student daarvan bewus is dat 'n vergadering gereël is.

2.1.5 Die KGP vergader met die student om gesprek te voer, die onderliggende probleem/probleme uit te wys en op 'n plan van remediërende aksie ooreen te kom. Die aksieplan moet ondersteunend van aard wees en verwysing na die mees toepaslike dienste insluit.

2.1.6 Die voorsitter stel 'n bondige verslag op wat boekstaaf wie betrokke was, wat die aard van die klagte was en die aksieplan waarop ooreengekom is. Die student en die voorsitter moet die verslag onderteken en dateer.

2.1.7 Die verslag word aan die programkoördineerder of hoof van die afdeling/departement voorgelê, soos toepaslik vir die betrokke voorgraadse program.

2.1.8 Maatreëls word op programvlak (MBChB) of afdelingsvlak (Arbeidsterapie, Fisioterapie, Dieetkunde, en Spraak-Taal- en Gehoorterapie) of departementsvlak (Verpleeg- en Verloskunde) ingestel, en moet ook by die programkoördineerder of hoof van die betrokke afdeling/departement aangemeld word.

2.1.9 As die student versuim om die vergadering by te woon, word die geval na vlak 2 geëskaleer.

## 3. Vlak 2 – Die bestuur van ernstige of voortgaande kwelpunte

3.1 Gedrag wat ernstige of voortgaande kommer veroorsaak, sluit onder meer die volgende in:

3.1.1 versuim om 'n vlak 1-vergadering by te woon;

3.1.2 aanvanklike, ontwikkelende of geringe kwelpunte wat oor meer as een kliniese rotasie/blok herhaal word; en

3.1.3 plagiaat en kullery.

3.2 Die oogmerk van vlak 2-maatreëls is steeds, soos op vlak 1, om studente te ondersteun en terselfdertyd die veiligheid, menswaardigheid en versorging van persone op die opleidingsplatform te verseker.

3.3 Sou enige gedrag geopenbaar word wat ernstige of voortgaande kommer wek, geld die volgende prosedures:

3.3.1 Die KGP word saamgeroep ooreenkomstig paragraaf 2.3.2 tot 2.3.6 hier bo. In vlak 2-gevalle is die voorsitter die MBChB-programkoördineerder of die hoof van die betrokke afdeling/departement, of hulle gemagtigde verteenwoordiger.

3.3.2 Die MBChB-programkoördineerder of die hoof van die betrokke afdeling/departement hou die verslag op lêer en dit word as deel van die VPK-verslag by die Komitee vir Voorgraadse Onderrig (KVO) aangemeld.

3.4 Op vlak 2 kan verpligte intervensie van die student geëis word. Verpligte intervensies sluit onder meer die volgende in:

3.4.1 gedragsintervensie, onder meer wat tydsbestuur of beplanning betref;
3.4.2 mediese assessering;
3.4.3 kliniese sielkundige assessering;
3.4.4 opvoedkundige sielkundige assessering;
3.4.5 psigiatriese assessering; en
3.4.6 rehabilitasie.

3.5 Die student kan tydelik vanaf die platform onttrek word totdat die vergadering en/of remediëring plaasgevind het en bewys daarvan by die voorsitter ingedien en deur die voorsitter goedgekeur is.

3.6 Tydelike onttrekking vanaf die kliniese platform mag meebring dat die student hulle studies moet verleng (indien remediëring nie binne die bepaalde akademiese jaar afgehandel kan word nie). Sodanige gevalle word ad hoc op meriete hanteer.

## 4. Vlak 3 – Die bestuur van kritieke en/of hardnekkige of kumulatiewe kwelpunte

4.1 Gedrag wat kritieke en/of hardnekkige of kumulatiewe kommer veroorsaak, sluit onder meer die volgende in:

4.1.1 psigose;
4.1.2 middelmisbruik waarvan kennis gedra word;
4.1.3 professionele nalatigheid (bv. deur prosedures nie af te handel nie of nie die rehabilitasieproses te volg nie);
4.1.4 gebrek aan kennis of vaardighede wat 'n pasiënt in gevaar stel om benadeel te word; en
4.1.5 te min dae teenwoordig binne elke kliniese rotasie of blok om (programspesifieke) leeruitkomstes te bereik.

4.2 Die oogmerk met vlak 3-maatreëls is om te voorkom dat persone op die opleidingsplatform benadeel word.

4.3 Sou enige gedrag geopenbaar word wat kritieke en/of hardnekkige of kumulatiewe kommer wek, geld die volgende prosedures:

4.3.1 Die student kan onmiddellik vanaf die opleidingsplatform onttrek word.
4.3.2 Die KGP word saamgeroep ooreenkomstig paragraaf 2.3.2 tot 2.3.6 hier bo. In vlak 3-gevalle is die voorsitter die MBChB-programkoördineerder of die hoof van die betrokke afdeling/departement, of hulle gemagtigde

verteenwoordiger. Die voorsitter mag nie by die assessering van die student betrokke wees nie. Daar moet minstens een verteenwoordiger uit 'n ander voorgraadse program wees, wat die voorsitter na diskresie kan aanwys.

4.3.3 Die KGP-verslag word as deel van die VPK-verslag aan die KVO voorgelê.

4.3.4 Die voorsitter verwys die saak na ander dienste en/of strukture binne die Universiteit soos nodig (bv. die Oorsigkomitee vir Studentegesondheid of die Sentrum vir Studentedissipline).

4.4 Op vlak 3 moet verpligte intervensie van die student geëis word soos in 3.4 hier bo omskryf.

4.5 Onttrekking vanaf die kliniese platform mag meebring dat die student hulle studies moet verleng (indien remediëring nie binne die bepaalde akademiese jaar afgehandel kan word nie). Sodanige gevalle word ad hoc op meriete hanteer.

4.6 Die student kan vanaf die opleidingsplatform onttrek word, die module druip, verplig word om hulle studies te onderbreek, of tydelik óf permanent uit die program geskors word na gelang van die erns van die situasie.

## 5. Hervatting van studies

5.1 Op vlak 2 en 3 mag die studente kliniese werk hervat eers wanneer die verpligte intervensies tot bevrediging van die KGP deurgevoer is.

## Prosesvloei vir geskiktheid om te praktiseer

**Kommer oor geskiktheid om te praktiseer word geopper.**

↓

**Vlak van kommer word bepaal.**

| Vlak 1: aanvanklike, ontwikkelende of geringe kwelpunte | Vlak 2: ernstige of voortgaande kwelpunte | Vlak 3: kritieke en/of hardnekkige of kumulatiewe kwelpunte |
|---|---|---|

↓

**Student word vanaf die opleidingsplatform onttrek.**

| Nee | Ja |
|---|---|

↓

**KGP word saamgeroep.**

| **Vlak 1:** Voorsitter: enige personeellid | **Vlak 2:** Voorsitter: hoof van afdeling/departement of program | **Vlak 3:** Voorsitter: hoof van afdeling/departement of program<br>Betrek 'n verteenwoordiger vanuit 'n ander VG-program. |
|---|---|---|

↓

**Student word van vergadering in kennis gestel.**

↓

**Vergadering vind plaas.**

Bespreek gedrag.

Wys onderliggende probleme uit.

Kom op 'n plan van remediërende aksie ooreen.

↓

**Voorsitter skryf verslag:**

Verskaf die betrokkenes,
die aard van die klagte, en
ooreengekome aksieplan.
Student en voorsitter onderteken.

↓

**Verslag word ingedien.**

| Vlak 1: programkoördineerder of afdelingshoof | Vlak 2 en 3: KVO |
|---|---|

↓

**Intervensie vind plaas.**

↓

**Student hervat kliniese werk.**

**UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**
**FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE**
**Vergadering met student: verslagvorm**

**Datum:**

**Teenwoordig:**

**Vlak:** **1** ☐ **2** ☐ **3** ☐

**Oogmerke van die vergadering:**
**1.**

**2.**

**3.**

**Besprekingspunte**

**Ooreengekome aksieplan**

**Aanvullende opmerkings/gevolgtrekkings**

| | |
|---|---|
| **Personeellid se naam en van** | |
| **Ampstitel** | |
| **Handtekening** | |
| **Datum** | |

**Verklaring deur student**

Ek, _________________________________________, wat vir die ________________ program ingeskryf is, verklaar hiermee dat ek akkoord gaan met bostaande remediërende en ondersteunende aksieplan wat die Komitee vir Geskiktheid om te Praktiseer opgestel het.

Ek bevestig dat, sou ek nie voorgenoemde aksieplan nakom nie, dit die onderstaande gevolge mag hê:

1. dat ek vanaf die opleidingsplatform onttrek word, die module druip, my studies moet onderbreek of tydelik óf permanent uit die program geskors word na gelang van die erns van die situasie;
2. dat, sou ek vanaf die kliniese platform of uitplasing onttrek word, ek dalk my studies sal moet verleng (indien remediëring nie binne die bepaalde akademiese jaar afgehandel kan word nie); die geval sal ad hoc op meriete hanteer word;
3. dat my deelname aan die program se kliniese modules/rotasies opgeskort word totdat die verpligte intervensies tot bevrediging van die KGP deurgevoer is;
4. dat my geval na die tersaaklike dissiplinêre liggame en/of die FGGW se Oorsigkomitee vir Studentegesondheid verwys word; en
5. dat die uitkoms van die KGP geboekstaaf sal word op die amptelike lêers van die Fakulteit se oorsigbestuurstrukture.

| | |
|---|---|
| **Student se naam en van** | |
| **Studentenommer** | |
| **Program** | |
| **Handtekening** | |
| **Datum** | |